

## SAMKHUBIS:



'n Historiese Oorsig

## VOORWOORD

Die behoefte het ontstaan dat 'n kort oorsig van die historiese gebeure op skrif gestel moet word, sodat die gemeenskap en veral die leerkrigte 'n gids kan he ten einde die skoliere to kan inlig oor die gebeure met die doel om die waardevolle betekenis daarvan by hulle tuis to kan bring.

Daar is egter nie op 'n streng wetenskaplike wyse te werk gegaan nie, maar heel op 'n maklike verteltrant, sodat die inhoud nie te "styf" en formeel aangebied hoef te word nie. Die korrektheid van die feite is desnieteenstaande bo verdenking, omdat dit uit bestaande dokumente getrek is. Hier is veral gebruik gemaak van die De Waal-Verslag en die doktorale tesis van Dr Weder, te wete "Die Regsposisie van die Rehoboth Basters." Daar word vertrou dat hierdie poginkie sal bydrae dat iemand daaraan sal begin dink om hierdie geskiedenis van Rehoboth verder na to vors, sodat geskikte geskiedenisboekies vir die skole ook die lig sal sien. In die proses sal daar gepoog moet word om 'n gevoel van persoonlike verantwoordelikheid by die leerling aan te kweek.

"Alleenlik die mens wat sy eie tyd bewus belewe kan'n ontwikkelde mens genoem word. Om dit to kan doen, moet die gebeurtenisse van die verlede vir die leerling van betekenis wees."

April 1987

R.G. Britz

## INLEIDING

Die Samkhubis-gebeure word jaarliks op 8 Mei herdenk. Daar mag gevra word wat aanleiding gegee het tot hierdie gebeurtenis en ook watter betekenis aan hierdie herdenking geheg moet word. Daar sal dus gepoog word om hierdie vrae te beantwoord deur na die volgende te verwys.

### **DIE TRAKTAAT VAN VRIENDSKAP EN BESKERMING MET DIE DUITSE IMPERIALE REGERING 1885**

In 1884 is Suidwes-Afrika deur die Duitsers as 'n Protektoraat verklaar. Sedertdien het Suidwes-Afrika bekend gestaan as Duits Suidwes-Afrika. Met die uitsondering van Walvisbaai wat deur Brittanje beset was, het die res van die land dus 'n Duitse Protektoraat geword. Ten einde sy soewereine mag oor SWA te bekragtig het Duitsland 'n stelsel van "Beskermings- en Vriendskapsverdrae" met verskillende inheemse opperhoofde toegepas. In 1885 is 'n sodanige verdrag ook met Kaptein Hermanus van Wyk van Rehoboth aangegaan.

Wat Rehoboth betref, is hierdie traktaat nie beskou as 'n dokument wat aan die Duitse Regering volle soewereiniteit oor die Baster gebied sou gee nie, maar slegs soos die naam aandui, Beskerming en Vriendskap.

### **'n SELFSTANDIGE BASTERVOLK GEVESTIG**

Sedert sy vestiging in Rehoboth (1870) is die Baster behoorlik gekonstitueerd, met sy eie geskiedenis, wette en gewoontes en 'n eie unieke regeringstelsel. Dit het horn

laat aanspraak maak op eie identiteit (om horn van ander volkere to onderskei) as Baster. Die opvatting van 'n onafhanklike, selfstandige volk het gevolglik sterk inslag gevind.

### **SELFSTANDIGHEID VAN DIE BASTERS INGEKORT**

In hoeverre Duitsland die verdrag gebruik het om inbreuk op die selfstandigheid van die Baster te maak blyk duidelik uit wat Dr Weder oor hierdie aangeleentheid te sê het in sy tesis oor "Die Regsposisie van die Rehoboth Basters," te wete: "Deur die traktaat het Duitsland vir hom die weg geopen vir die vreedsame okkupasie en gevolglike aanvaarding van soewereiniteit oor die hele Rehoboth Gebiet." (Dit wil dus voorkom asof die Basters nie bewus was van die doelwit van die verdrag nie). Die selfstandigheid van die Baster is geleidelik ingekort deur, o.a. die volgende stappe wat deur die Duitse Regering toegepas is.

- Aanvanklik is geen wet op Rehoboth toegepas, alvorens die Basters daaromtrent geraadpleeg is nie.
- By wyse van 'n spesiale ooreenkoms op 26 Julie 1896 is die Raadslede en die Kaptein besoldig teen 1000 mark per jaar. Deur die aanvaarding van hierdie geld het die Kaptein sowel as die Raad hul Staatsregtelike onafhanklikheid verbeur.
- Teen 30 Junie 1906 is die Kapteinskap opgehef en vervang met 'n gemeenskapsraad onder 'n gemeenskapshoof. Die benaming "Kaptein" het in die algemeen bly bestaan. Met hierdie stap het die

selfstandigheid van die Basters opgehou om te bestaan.

- Na die dood van die Kaptein Hermanus van Wyk is sy plek ingeneem deur sewe Basters. Voortaan sou die magistraat die Duitse Regering verteenwoordig. Laasgenoemde het in werklikheid die plek van die Kaptein ingeneem.

### **DIE VERDEDIGINGSVERDRAG**

In 'n afsonderlike verdrag is 'n Verdedigingsverdrag tussen die Duitsers en die Basters aangegaan. Soldate van die Basters is toe vir hierdie doel opgelei. Deur al die moeilike jare van oorlog 1892-93 en weer 1903-07 in SWA het die Basterkorps die Duitse Regering trou bygestaan.

Teen Augustus 1914 met die uitbreek van die Eerste Wereldoorlog het hierdie posisie verander toe Goewerneur Seitz dit duidelik gestel het, dat die Basters nie indiens geneem sal word om teen blankes te veg nie, maar dat hulle slegs gebruik sou word om vrede en veiligheid "binne die Rehoboth-Gebiet te bewaar."

### **ONENIGHEID ONTSTAAN**

Die onenigheid tussen die Basters en die Duitsers het ontstaan toe die Basters geweier het om buite die grense van die Rehoboth-Gebiet militêre diens te lewer in ooreenstemming met Goewerneur Seitz se versekering van 21 Augustus 1914. In sy beedigde verklaring meld die magistraat, Samuel Beukes die volgende: "Ons het van die begin af geweier om deel te neem in 'n oorlog teen die Unie-troepe, omdat ons almal oorspronklik uit

die Kaapkolonie afkomstig is." As gevolg van hierdie weiering het die Duitsers besluit om met militêre geweld in te gryp.

Dit blyk egter uit 'n vertroulike brief van die Duitse owerhede wat later deur die Unie-troepe in die Duitse magistraat se kantoor in Rehoboth ontdek is, dat daar ander motiewe agter Goewerneur Seitz se versekering was. Onder andere word die volgende gemeld: "In ieder geval hoef hulle (die Basters) nie as vyande gevrees te word nie, as 'n mens net onderlinge voordele van die kontrak aan hulle uitwys en as daar nie direkte invloede van buite is nie." ,

As daar verder in ag geneem word dat die Basterkorps heftig geprotesteer het teen die dra van Duitse militêre uniforms, is dit duidelik dat hulle nie deur die Unietroepe as Duitse soldate gesien wou word nie.

### **INSIDENTE WAT GELEI HET TOT DIE SAMKHUBIS-BOTSING**

'n Reeks insidente het intussen plaasgevind wat uiteindelik gelei het tot die botsing tussen die Duitsers en die Basters by Samkhubis.

### **KAPTEIN CORNELIUS VAN WYK NA GENERAAL BOTHA TE SWAKOPMUND**

Die Kaptein het na Generaal Botha te Swakopmund gegaan om aan hom te verduidelik dat die Bastersoldate teen hulle wil moet wagstaan oor Unie-troepe en dat hulle deur die Duitsers verplig word om buite die grense van Rehoboth militêre diens te doen. Die Basters moes

dis nie as bondgenote van die Duitsers in die oorlog beskou word nie.

### **BASTERSOLDATE PROTESTEER OM AS WAGTE OP TE TREE**

Op Uitdraai omtrent 25km Suidoos van Rehoboth-dorp is 120 krygsgevangenes deur 46 man van die Basterkamp onder bevel van Duitse offisiere bewaak. Ten spyte van hul teenkating moes hulle hierdie taak verrig. Op 13 April 1915 het die Duitsers die Basterraad kennis gegee dat die Basterkorps na Otjiwarongo moes gaan om krygsgevangenes daar te gaan oppas. Hierteen was daar'n hewige protes. Daar is toe ooreengekom dat Basterleiers die bevelvoerende offisier, Francke die volgende dag, 14 April 1915 op Rehoboth-Stasie moes ontmoet om hul griewe en besware aan hom voor te lê.

### **ONDERHOUD MET KOLONEL FRANCKE**

By hierdie geleentheid het kolonel Francke die Basters voor 'n keuse gestel, nl. "òf die Basterkorps gaan na die noorde, òf die hele Bastervolk moes instem op algehele ontwapening." Drie dae grasie is gegee vir'n besluit. Die deputasie het egter geweier om enigeen van die voorstelle to aanvaar, maar ingewillig om die gewere waarmee sommige van die Basterskorps deur die Duitse regering bewapen is, terug te gee.

Intussen het die Bastersoldate op Uitdraai ongelduldig geword en by die Raadslede gedreig om te dros, indien hulle nie verwittig sou word watter ooreenkoms met kolonel Francke aangegaan is nie. Op Uitdraai het 'n trein al gereed gestaan om die gevangenes en wagte na Otjiwarongo te vervoer.

### **PANIEK NA DIE EERSTE GEWEERSKOOT**

Daardie aand het die wagte gedros en teen ongeveer 12uur die middag by Samuel Beukes aangemeld. Intussen het die Duitsers ontdek dat die wagte gedros het. Hierdie nuus is onmiddellik telegrafies na Rehobothdorp oorgesein. Gevolglik is die Baster soldate op Rehoboth wat as perdewagters opgetree het, heimlik ontwapen. Toe ene Jacob Morkel wou ontsnap, is daar op hom geskiet. Die weerklank van hierdie geweerskoot in die stilte van die nag is ver gehoor. Vrees en paniek het toe onder die inwoners losgebars. daar is toe dadelik begin vlug in die rigting van Samkhubis. 'n Aantal Duitse soldate het ook intussen na Rehoboth opgeruk, om soos Eerw. Blecher, die sendeling dit duidelik gestel het: "die hulpelose mense, die vrouens en kinders te beskerm." (Duitsers).

### **ONTWAPENING VAN BASTERSOLDATE TE SANDPUTS**

Dieselde aand is die Baster soldate te Sandputs, 'n militêre pos, ongeveer 12km ten weste van Rehoboth, heimlik ontwapen. Toe ene Petrus Beukes ontsnap het, is hy doodgeskiet. Ene Hans van Wyk het daarin geslaag om te ontsnap. Hy het toe die nuus aan die leiers op die dorp kom meedeel. Die verwarring en konsternasie het toe sy uiterste hoogtepunt bereik.

### **VLUG NA SAMKHUBIS**

Terwyl die Duitse soldate die dorp binne gemarsjeer het, het baie gesinne begin vlug in die rigting van Sam-khubis ('n natuurlike verskansing omring deur berge en genoeg



skuilplek onder die rotse). Teen die middag van 18 April 1915 het gewapende Basters twee laers ten suide en weste van die dorp gevorm, bestaande uit 70 en 30 man respektiewelik. Die vroue en kinders het hulle toe gehaas na Samkhubis.

### **SCHLIP SE MENSE MAAK GEREED**

Nadat daar verneem is dat die Duitsers op Rehoboth en Sandputs met die ontwapeningsaksie begin het, het een van die leiers van Schlip, Pieter Mouton, begin om al die weerbare mans by Schliprivier op te kommandeer. Terwyl hy daarmee besig was, het hy verneem dat daar nog 'n Duitse polisie sersant by Schliprivier polisiestasie was. Hy het toe opgetrek om hierdie sersant op dieselfde wyse te ontwapen soos die Duitsers die Baster soldate ontwapen het. Toe die Duitse sersant weier om te halt toe op hom geroep is, het Mouton beveel dat geskiet moes word. Die sersant is toe gewond.

### **DIE KAPTEIN KEER TOE TERUG UIT SWAKOPMUND**

Dit was ongeveer op hierdie tydstip dat die Kaptein teruggekeer het na sy plaas Garies, ongeveer 86km suidwes van Rehoboth. Toe hy tuis kom, is hy verwittig van wat intussen op Rehoboth, Sandputs en Schlip plaasgevind het en dat daar feitlik 'n toestand van oorlog geheers het. Hy het toe twee van sy soldate beveel om die Duitse polisiesersant, Rogge en ook die man Putsier by Bulspoort te gaan ontwapen. In die proses is albei doodgeskiet en ook ene Heine.

### **DIE BESKERMINGS- EN VREDESVERDRAG NIETIG VERKLAAR, 22 APRIL 1915**

As gevolg van al hierdie insidente is 'n brief in opdrag van die Duitse Imperiale Goewerneur aan die Basterraad gerig waarin alle blaam op die Basters geplaas word en alle onderhandelings nietig verklaar. Ook die Beskermings- en Vriendskapsverdrag is nietig verklaar, soos uit die volgende blyk:

"Deur hierdie optrede en die misdade teen die witmense, is die Traktaat van Beskerming en Vriendskap van 15 September 1885 verbreek."

Dit word ook duidelik gestel dat die Duitse Regering verplig is om die lewens en eiendomme van sy onderdane te beskerm en gevolglik sulke stappe te neem as wat hy nodig mag ag. Vir die ernstige gevolge daarvan sal die Baster gemeenskap verantwoordelik gehou word. Nadat die brief aan die Basterraad oorhandig is, het die dade wat deur die Duitsers gepleeg is, getuig van hul vasbeslotenheid om swaar vergelding van die hele Bastervolk te eis, veral op 22 April 1915.

### **AANVAL TE HEURAS, 22 APRIL 1915**

Vroeg die Vrydagaand het 'n geselskap Duitse soldate 'n konvooi waens met hoofsaaklik vrouens en kinders to Heuras aangeval. Volgens ooggetuies, Klaas Draghoender en Daniel Cloete, was daar ses tent- en bokwaens en een kapkar. Daar was spanne van 14 tot 20 osse voor 'n wa. Ongeveer 50 vroue en kinders en 8 gewapende mans was betrokke. Die Duitsers het sonder waarskuwing op hulle begin skiet. Die vroue en kinders het in alle rigtings begin vlug. In die proses is een man doodgeskiet,

'n meisie van 18jaar asook twee mans gewond, terwyl alle osse voor die waens doodgeskiet en die waens verbrand is. Hierbenewens is ongeveer 3000 beeste en kleinvee doodgeskiet.

#### **AANVAL TE UITDRAAI**

Daardie selfde aand het 'n sterk geselskap Duitse soldate 'n groot konvooi van die Basters te Uitdraai aangeval. Hierdie groep het van Blomputs of in 'n westelike rigting na Samkhubis gevlug. Volgens 'n ooggetuie, Frederick Bock, het die Duitsers in 'n trein afgekom net toe hulle oor die spoorlyn wou trek. Daar is dadelik op hulle begin skiet. Die Basters het daar ses waens, een kar en die meeste van hul los vee verloor. Een Namavrou is doodgeskiet. Die konvooi is oor 'n sekere afstand agtervolg. In die digte stof en verwarring het hulle gaandeweg voor die Duitsers weggekom.

#### **AANVAL TE KABIRAB**

Hierdie konvooi het hulle teen 12uur dieselfde aand van 22 April 1915 weer vasgeloop teen 'n ander geselskap Duitse soldate to Kabirab. Wat daar plaasgevind het, word in die De Waal verslag soos volg vermeld:

"Vir die meeste gedeelte het die osse nog in hul jukke gelê. Sommige het in hul worsteling die trekkettings gebreek en die karkasse lê 'n paar treë weg van die verbrande waens. Ons het die opgedroogde karkasse sorgvuldig ondersoek, maar kon geen geval van koeëlmerke of noodlottige wonde opmerk nie. Al die waens en ses karre is verbrand. Benewens sowat 650 osse wat voor die waens ingespan was, het etlike honderde los beeste

doodgeskiet rondgelê en beeste tot ongeveer 1000 het by Kabirab doodgelê. Die gedeeltelik verbrande lyk van 'n vrou het tussen die dooie osse gelê, asook die lyk van 'n Nama 'n entjie verder."

### **GEBEURE TE GARIES**

Toe Kaptein Cornelius van Wyk op sy plaas, Garies teruggekeer het vanaf Swakopmund en verneem het wat intussen op Rehoboth gebeur het, het hy sy vrou en kinders en die van Frederick en Stoffel van Wyk skuiling laat soek in 'n nabygelee berg.

Op 4 Mei 1915 het 'n paar Duitse soldate hierdie skuilplek ontdek. Op 'n koelbloedige wyse is daar op hierdie weerlose vroue en kinders geskiet. Die eggenote van die Kaptein, Katrina as ooggetuie het onder eed oor hierdie skietery meegedeel dat ten spyte van pleidooie om genade is die eggenote van Stoffel van Wyk wat sewentig jaar oud was, deur die bors geskiet. Daarna is 'n deel van die kopbeen van Frederick van Wyk se vierjarige seuntjie weggeskiet, terwyl die elfjarige seuntjie van Stoffel van Wyk in die kop gewond is. (Hy het later herstel.) Johannes (12) seun van die Kaptein is doodgeskiet, asook sy dogter Anna (23) wat probeer ontsnap het. Daarna is die res aangeja, terwyl die Kaptein se seun Hermanus (18) agter gehou is. Later is 'n skoot agter die rotse gehoor.

Hierdie vroue en kinders is met 'n wa na Leutweinstasie naby Windhoek vervoer en daar gelos. Hulle het later te voet teruggekeer na Garies. Eers 9 Mei 1915 het Katrina by haar eggenoot, die kaptein op Samkhubis aangesluit. Hulle het teruggekeer na Garies om te gaan vasstel wat van hul seun Hermanus, geword het. Sy lyk is ge

blinddoek op sy rug aangetref met vier koeëldoppies langs hom.

### **DIE AANVAL BY SAMKHUBIS 8 MEI 1915**

Oor hierdie gebeurtenis het Sameul Beukes (magistraat) onder eed meegedeel dat daar ongeveer 300 Baster mans rondom die Samkhubisberge gestasioneer was, terwyl vroue en kinders binne die sirkel was. Teen 8 Mei 1915 is die Duitse mag geskat op ongeveer 300 tot 400 man. Hulle het twee kanonne en drie meksims gehad. Teen omtrent dagbreek het die Duitsers op 8 Mei 1915 aangeval. Die geveg het aangehou tot donker die aand. Die kanonne en meksims is deurgaans gebruik. Na die geveg is vasgestel dat nege Basters gedood en vier-en-twintig gewond was. Dit is egter moeilik om te se wat die verliese van die Duitsers was. Twee bokwaens wat weggeroep het met dooies en gewondes is egter gesien. Binne die laer was twee meisies en een kind gewond. Daardie nag het die Duitsers teruggekeer tot waar hul kanonne gestaan het en daar het hulle gebly tot die volgende oggend. Daardie oggend van 9 Mei 1915 het hulle nog 'n paar kanonskote op die Basters gevuur. Terwyl dit aan die gang was, het hulle sommige van hul dooies begrawe. Daarna het hulle in die rigting van Rehoboth weggetrek. (Verskeie Duitse soldate, vroue en kinders wat gevange geneem is, is goed behandel en later teruggestuur na Rehoboth.)

Terwyl hierdie botsing aan die gang was, is daar in doodsangs ernstig gebed om verlossing. Die gebed wat terselfdertyd 'n gelofte inhou is die volgende:

"God van ons vaders  
sterke en machtige God  
heilig is Uw Naam op de ganze aarde  
Uw die de hemelen geschapen heeft  
neight Uw oor tot ons, luister na die  
smekingen van Uwe kinderen.  
De dood staart ons in het gesicht  
de Kinderen der bose zoeken onze levens.  
Red ons uit de hand van onze vijanden en  
beskermt onze vrouwen en kinderen.  
En dit dag zult vir ons en onze nageslacht zijn  
een dag als een Zondag waarop wij Uw naam prijzen  
en Uwe goedertierenheid tot in ewigheid niet vergeten."

Wonder bo wonder het die Duitsers kort na hierdie gebed/gelofte op 'n oomblik toe die Baster soldate se ammunisie opgeraak het, teruggetrek. Uiteraard is daar vas geglo dat hierdie gebed verhoor is en is daar getrou aan hierdie gelofte onderneem om jaarliks 8 Mei die dag te herdenk met danksegging aan God en om Sy naam te prys, by implikasie dat die nageslag verbind is om nooit die goedertierenheid van God te vergeet nie.

### **BETEKENIS VAN DIE HERDENKING**

Benewens die politieke gevolge van hierdie botsing lê die geestelike betekenis van die herdenking van hierdie gebeure opgesluit in die geloofskrag van die Christen, vertrou in God en'n wegwyser vir die nageslag wat om te doen in tye van benoudheid, doodsangs, twyfel in voortbestaan wanneer "de kinderen der bese soeken onze lewens." Hier hoef dus nie altyd die vyand van Samkhubis bedoel te word nie. Wanneer ons twyfel oor waarheen ons oppad is, is dit altyd raadsaam om terug te kyk en vas te stel waarvandaan ons gekom het.

Ten slotte word vertrou dat hierdie voorbeeld van die reddingswerk van die Allerhoogste nie net vir elke gelowige nie maar in die besonder vir die nageslag van hierdie voorouers, 'n geestelike versterking sal bly op hierdie tranedal.

Opgestel deur R.G. Britz in opdrag van die sentrale Reelingskomitee vir die herdenking van hierdie dag.

### **REELINGSKOMITEE: 1987**

Ds. Benz: Voorsitter  
 Mnr G.A. Beukes: Onder-voorsitter  
 Mnr F.P.R. Cloete: Sekretaris  
 Mnr H.G. Cloete: Sameroeper  
 Mnr W. Resandt: Hulpsektaris  
 Mnr H. Izaks: Organiserende Sekretaris  
 Mnr W. Gertze: Kassier  
 Mnr W.F. Metzler: Reklame

### **SUBKOMITEES:**

- **Kultuur-histories:**  
 Mnre R.G. Britz, J.B. Ferreira, J. van der Merwe, H. Maasdorp,  
 J. Louw, Mnr en Mev C.A. Olivier
- **Finansies:**  
 W. Gertze, Ds. S. Morkel, Mev A. Britz
- **Terrein:**  
 Mnre T. Jarman, A.G. Jarman, D. Gertze, J. Mouers.
- **Orde:**  
 Mnre H.G. Cloete, P. Olivier, C. van Wyk, M. Olivier.
- **Godsdiens:**  
 Die plaaslike Godsdienskomitee bestaande uit alle predikante. Pastoor J.  
 Beukes is skakelbeampte.

(Printed by Akasia Printers)